

Sing vooraf staande: Skrifberyming 9-1:6, 10 (26:6, 10)

- 6 Gedenk die sabbat: in ses dae / het God die wêreld toeberei;
maar Hy het, na sy welbehae / die rusdag aan sy diens gewy.
- 10 Daar mag nooit in jou hart meer kom nie / die minste lus teen Gods gebod.
Maar wie se mond sal nie verstom nie / as U beveel, o heil'ge God!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 92:1, 3 (p. 466)

- 1 Wie sou die HEER nie prys nie, / as weer met nuwe gloed / 'n rusdag ons begroet?
Wie Hom nie dank bewys nie / in stille môrewagte, / as ons sy guns omring?
Wie vir sy trou nie sing / 'n loflied in die nagte?
- 3 Hoe groot is, HEER, u werke, / hoe diep gaan u beleid! / Hoe reik u moëndheid
oor alle aardse perke! / Maar dwase sit gevange / en in hul waansin vas;
hul weet nie dat hul ras / sal struikel in hul gange.

Gebed

Psalm 63:1, 2 (p. 307)

- 1 My God, wat tog my lewe is, / hoe smag my hart as 'k U moet mis!
Ek soek U, HEER, terwyl ek kwyn / in sielsverlatenheid en pyn.
Ek smag soos alles hier om my / waar 'k swerf in wilde woesteny,
'n dor en uitgedroogde land / waarop die son se vlamme brand.
- 2 Ek het voorheen, in stille wag, / U in u heiligdom betrag,
waar U in glans, aanbidd'lik skoon, / en alvermoënd sit ten troon.
Want bo ons lewe in kommernis, / wat sonder U geen lewe is,
skat ek u grote goedheid, HEER, / waarvoor my mond U dankend eer.

Skriflesing: Eksodus 20:1-21

Kernverse: Eksodus 20:8-11

Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar die sewende dag is die sabbat van die HERE jou God; dan mag jy géén werk doen nie — jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie. Want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die HERE die sabbatdag geseën en dit geheilig.
(Eksodus 20:8-11 AFR53)

Tema: Die rusdag – 'n lewe in navolging van ons God

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, as daar nou een gebod is waaroor daar soveel verklarings is as wat daar kerke is, is dit die vierde gebod. Sommige mense meen dat die vierde gebod in sy geheel eintlik maar tot die seremoniële wette hoort. Aangesien die seremonies in die Ou Testament skaduwees was van die dinge wat sou kom en maar net heengewys het na Christus toe, is dit afgeskaf vir Christene omdat Christus dit alles vervul het. So bely ons immers ook aangaande die seremoniële wet in Artikel 25 van ons Nederlandse Geloofsbelijdenis.

Ander gelowiges verstaan dat die vierde gebod net so moet geld vir die Christene soos wat dit gegeld het vir die Jode in die tyd van Jesus en dit deur die Fariseërs verstaan is. Dit beteken dat hulle die Sondag net so wetties wil deurbring soos die Fariseërs. In werklikheid verskuif hulle dan die Joodse sabbat maar net van die Saterdag, die sewende dag, na die Sondag wat die eerste dag is.

Nog ander gelowiges wil die Christelike rusdag op die sewende dag onderhou, soos wat dit in die Tien Gebooie aan ons afgekondig word. En hulle haal 'n hele klomp Skrif-gedeeltes aan om aan te toon dat dit die eintlike verklaring van die vierde gebod is. Wanneer ons vanaand die Heilige Gees gaan volg om ons in die rykdom van die vierde gebod te verdiep, wil ons nie met 'n stryery begin oor op watter dag die rusdag nou eintlik onderhou moet word nie. Ons wil ook nie lyste maak van wat jy mag en nie mag doen op die Sondag nie.

Ons gaan onself nou nederig onderwerp aan die Heilige Gees wanneer Hy, ons goeie God, aan ons gaan openbaar in die woorde van hierdie vier verse. Stelselmatig sal ons dan hoor hoe hierdie woorde ook op ons in die een en twintigste eeu van toepassing is. Daarom gaan ons heel eerste luister na die gebod soos die Here dit met sy eie mond in vers 8 afkondig. Daarna gaan ons na die besonderhede van hierdie gebod kyk soos wat dit in vers 9 en 10 aan ons gegee word. En in die laaste plek gaan ons hoor om watter rede God hierdie gebod gegee het.

Broers, susters en kinders, die gebod is in wese net die woorde wat in vers 8 geskryf staan:

Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig. (Eksodus 20:8)

Hierdie gebod verskil in bepaalde opsigte van die ander gebooie. Een van die verskille is dat dit die eerste gebod is wat nie negatief afgekondig word nie. Die Here begin nie met die woorde *jy mag nie*.

En is dit nou nie interessant hoe mense redeneer nie? Die mens van vandag wil nie negatiewe woorde hoor nie en dit is juis een van die punte van kritiek wat die mense oor die algemeen het teen die Tien Gebooie. Dit klink kamtig so negatief *jy mag nie ... jy mag nie ...* Maar aan die hand van die heel eerste gebod wat die Here aan Adam en Eva in die tuin van Eden gegee het, het ons agtergekom hoe bevrydend 'n negatiewe bevel is. Net een boom se vrugte was vir ons eerste ouers verbode terwyl al die ander baie bome se vrugte vryelik tot hulle beskikking was. Hierdie vryheid het Adam-hulle geniet vir solank as wat hulle gehoor gegee het aan die bevel van die Here.

En nou gee die Here vir die eerste keer 'n positiewe bevel in die Tien Gebooie en hieroor word daar net soveel gal gebrak. Omdat die Here die mens beveel om op een van die sewe dae sy normale aktiwiteite te staak en van sy daaglikse werk te rus, kla die mens dat hy nou voorgeskryf word. Hy wil nie voorgeskryf word nie. Die argument wat die mens dan teen die sogenaamde negatiewe trant van die Tien Gebooie het, is maar net 'n gekwetter. As die mens nie hou van wat die Here sê nie – of dit nou negatief of positief gestel word, maak nie saak nie – hy gaan hom daarteen verset.

Maar laat ons terugkeer na die gebod:

Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig. (Eksodus 20:8).

Die Here roep Israel op om die sabbatdag te onthou. Hoe moet hulle die dag onthou? Hulle sal dit onthou deur dit te heilig of deur dit heilig te hou.

Om die sabbatdag te onthou is nie om maar net te weet dat daar 'n sewende dag is wat heilig is nie. Dit is ook nie maar net die herinnering dat die Here op die sewende dag gerus het nie. Wanneer die Here ons beveel om die sabbatdag te gedenk, is dit eerder om die dag aktief te omhels en vir jousef toe te eien omdat jy tot die besef kom dat die Here op die sewende dag gerus het vir ons voordeel.

Ons vind 'n soortgelyke verstaansmoontlikheid van die woord *gedenk* by die instelling van die nagmaal. Christus beveel ons om die nagmaal tot sy gedagtenis te gebruik (Luk 22:19). En in ons nagmaalformulier word mooi uiteengesit wat bedoel word om die nagmaal tot sy gedagtenis te gebruik. Dit is om opreg te glo wie Christus werklik is – die Seun van God wat mens geword het – en om alles wat Hy gedoen het om ons te verlos deur die geloof vir onself toe te eien. Want dit is slegs op grond van Christus se offer vir ons sondes dat ons in die teenwoordigheid van God toegelaat word. En net die mense wat Christus en sy werk aanneem vir hulleself word in die teenwoordigheid van God toegelaat.

Wanneer ons dan die sabbatdag gedenk, eien ons die dag vir onself toe. En dan is dit nie om te sê dit is ons dag en ons kan doen wat ons wil nie. Om die sabbatdag te gedenk, is om presies te doen wat die Here gedoen het toe Hy die eerste sabbatdag gehou het. Die Here het op die sewende dag gerus nadat Hy vir ses dae aaneen geskep het. Maar die Here het nie gerus omdat Hy moeg was nie, want Hy sê self dat Hy nie moeg word nie (Ps 121:4). Rus beteken dat Hy opgehou het met sy skeppingswerk wat Hy die afgelope ses dae gedoen het. In sy goedheid, genade en barmhartigheid het die Here 'n rusdag geskep vir die mens, want Hy weet presies wat die mens nodig het. Op die eerste sewende dag het die Here Hom verlustig in die werk wat Hy gedoen het. Alles wat Hy geskep het, was baie goed en alles wat bestaan het die eer en heerlijkheid van die Here verkondig in hulle bestaan.

Nou gee die Here die opdrag dat ons die sabbatdag moet gedenk. Moses en Israel het geweet dat hier nie van 'n ander dag gepraat word nie as juis daardie eerste sabbatdag. Die Here roep sy mense om saam met Hom te doen wat Hy op die sabbatdag doen – dit is om alles te laat staan en hulle te verlustig in die werk van die Here, om daarvoor na te dink en die Here daarvoor te loof en te dank. Die Here roep ons dus om saam met Hom presies te doen wat Hy op die eerste sabbatdag gedoen het.

Vir Israel was hierdie gebod oor die sabbat uniek. Die volke rondom hulle het dinge uit die natuur toegelaat om die siklus van hulle tye te bepaal. In Egipte het die siklus van die Nyl se vloei hulle jaartye bepaal. Die nasies in die ander dele van die Midde-Ooste het hulle jaartye deur die maan en son laat bepaal. En net enkele dae in die jaar was afgesonderde dae. Maar die Here gee aan sy volk 'n siklus van sewe dae – ses dae om te werk en een dag om die normale werk te staak en na te dink oor die werke van die Here en hulle daarin te verlustig. Die dag moet geheilig word. En wanneer ons by vers 9 en 10 kom, sal ons sien hoe die dag heilig gehou word.

Voordat ons by die verduideliking van die gebod kom wat die Here self in die volgende twee verse gee, moet ons net eers 'n verposing neem en vra: Geld hierdie siklus van sewe dae steeds vir ons Christene? Is daar vir Christene steeds 'n dag wat hulle moet gedenk? Die antwoord op albei hierdie vrae is *JA*. Om maar net een voorbeeld te noem, blaai ons na Openbaring 1:10. Johannes het daar geskryf:

Op die dag van die Here is ek deur die Gees meegevoer.
(Openbaring 1:10a AFR83).

Johannes gaan die openbaring van Jesus Christus ontvang oor al die werke van die Here wat Hy in sy raadsplan vasgelê het. Die gelowiges in die sewe gemeentes aan wie Johannes hierdie boek geskryf het, het presies geweet wat hy bedoel as hy van *die dag van die Here* praat. Hy het die Sondag, die eerste dag van die week bedoel. In die Nuwe Testament is die Sondag die dag van die Here genoem. Dit is die Here se dag. En op die Here se dag het Johannes die openbaring ontvang van die Here se werke oor al die eeue heen tot en met die wederkoms van Jesus Christus. En wanneer 'n mens die boek Openbaring deurlees, kan 'n ware gelowige nie anders nie as om die Here te loof en te prys vir alles wat Hy doen en gaan doen nie. Ons Christene het dus ook een dag uit die sewe waarop ons onself in die werke van die Here kan verlustig en presies saam met Hom doen wat Hy op die eerste sabbatdag gedoen het.

Kom ons luister nou hoe die Here sy volk aansê om die Sabbatdag te gedenk deur dit te heilig.

Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar die sewende dag is die sabbat van die HERE jou God; dan mag jy géén werk doen nie — jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie. (Eksodus 20:9-10 AFR53)

Wanneer die Here hierdie gebod van Hom aan ons verduidelik, begin Hy met die teenoorgestelde van om ons normale daaglikse werk te staak. Die verduideliking begin met die woorde *ses dae moet jy arbei en al jou werk doen*. Die Here het nie die sabbat-dag geskep en gegee sodat die mens in luiheid kan verval nie. Trouens, luiheid is 'n sonde in die oë van die Here. Wie lui is, vertoon nie die beeld van God nie, want God is ewig werksaam.

Op ses van die sewe dae word ons opgeroep om die Here te dien met die gawes en talente wat die Here aan ons gegee het. En op een van die sewe dae moet ons met hierdie werk ophou. En nou moet ons mooi oplet. Die Here sê ons nie aan om iets te doen wat Hy nie self sal doen nie. In vers 11 sê Hy dat Hy ses dae geskep het en die sewende dag gerus het. Die ritme wat die Here vir Homself bepaal het wil Hy die ritme van die mens se lewe maak, want die mens is beeld van Hom. As ons goeie Herder lei die Here met voorbeeld.

Ons het nou al opgemerk wat die doel van die sabbat is. Die Here het op die sewende dag met sy skeppingswerk opgehou om Hom in sy werk te verlustig. Die Here wil hê dat die mens met sy daaglikse werk moet ophou, sodat hy hom in die Here en in die werke van die Here kan verlustig. Die mens moet heeltemal tot rus kom sodat die Here in hom kan werk. Dit beteken nie dat die Here nou van ons mense afhanklik is om in ons te werk nie. Die Heilige Gees is immers elke liewe oomblik in die gelowiges aan die werk deur hulle heilig te maak. Hy is voortdurend met die uitverkorenes besig om hulle in die verhouding met Jesus Christus in te lei.

Dit is ter wille van ons wat die Here sê dat ons met ons werk moet ophou. Laat staan al die goed wat jou aandag verg en wat konsentrasie van jou vereis. Wanneer ons so heeltemal tot stilstand gekom het, is dit vir ons moontlik om dan op die dag van die Here al ons aandag en konsentrasie te kanaliseer op die Here en sy werke. Calvyn noem dit die een aspek van die doel van die sabbatdag. Die sabbat is die Here se dag waarop ons besig is met die Here en die Here se werke. Ons werke en ons ambisies en ons ideale moet vir hierdie een dag eenkant gelaat word.

Die tweede aspek is wat ons dan verder hoor:

dan mag jy géén werk doen nie — jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie.
(Eksodus 20:10 AFR53).

In hierdie woorde hoor ons hoe die Here alle mense voor Hom gelykstel. Niemand moet dink omdat hy nie op die sabbat mag werk nie, hy nou sy kinders in die werk kan steek nie. Die Here sê baie duidelik jou seun en jou dogter mag ook nie op hierdie dag werk nie. Niemand moet dan dink dat hy nou al sy werk op sy werknemers kan laat afkom nie. Die Here sê ook jou slawe en slavinne mag nie werk op hierdie dag nie. En die Here is nie net oor mense besorg nie. Hy is ook besorg oor die diere, daarom word die mens aangesê dat selfs sy diere nie op hierdie dag mag werk nie. Ook nie eers die een wat nie van jou volk is nie en miskien ook nog nie die Here dien nie – die vreemdeling by jou – ook hy mag nie op hierdie dag werk nie. Luister net hoekom sê die Here so:

Ses dae moet jy jou werk verrig, maar op die sewende dag moet jy rus, dat jou os en jou esel kan uitrus en die seun van jou slavin en die vreemdeling kan asem skeep. (Eksodus 23:12 AFR53)

Geliefdes, twee opmerkings oor hierdie verpligte rusdag wat die Here ons voorskryf. Die moderne mens se nekhare rys omdat die Here 'n verpligte rusdag voorskryf. Sommige gaan sover om te sê dat Christene hulle oortuiging op mense wil afdwing wat nie hulle oortuigings deel nie. Is dit regtig so? Ons weet dit is die Here wat self hierdie woorde ten aanhore van sy hele volk by Sinai gespreek het. Dwing die Here nou sy manier van doen op mense af wat nie met Hom eens is daaroor nie?

Kom ons neem 'n voorbeeld wat ons almal tog baie goed ken. Hierdie voorbeeld het ek in Alec Motyerⁱ se kommentaar gekry, en dit is treffend: Wanneer 'n dokter 'n sekere soort behandeling voorskryf, sal die pasiënt mos nie vir die dokter vra: Watter reg het hy om sy oortuigings op iemand af te dwing wat nie 'n dokter is nie. In so 'n geval sal die dokter kan sê: Moenie so dom wees nie! Ek dwing nie my oortuiging op jou af nie. Ek sê vir jou wat om te doen omdat jy 'n mens is en jou liggaam sal goed op die behandeling reageer omdat die behandeling daarvoor bedoel is.

Net so wanneer die Here die sabbatdag as rusdag aan ons voorskryf. Hy het die mens geskep. Hy weet hoe werk die mens se liggaam. Hy weet die mens het rus van sy daaglikse werk nodig sodat hy volhoubaar kan werk en funksioneer. En buitendien weet die Here dat die mens elke week 'n dag nodig het om rustig met Hom gemeenskap te hê. Ja, daar is ander tye in die week wanneer ons ook stil word en die Here aanbid en dank. Maar dit is net sulke ou kort tydies in die dag. Die Here gee in sy goedheid en genade een hele dag waarop ons niks anders hoef te doen nie as om by sy voete te sit en by Hom te leer nie.

Die tweede opmerking het betrekking op die konteks van Israel self. Hier is die volk van die Here wat drie maande gelede nog as slawe van die Egiptenaars gewerk het. Vir vier honderd jaar het die Egiptenaars die ritme van hulle lewens bepaal. Vir vier honderd jaar moes hulle net ja baas en nee baas sê. En nou sê die Here vir sy volk: In My teenwoordigheid werk die ritme van julle lewens so: Julle sal elke jaar sewe weke en drie dae verpligte verlof hê van julle daaglikse werk. Die Here wil nie hê dat sy volk hulle in die grond in werk nie. Die Here wil nie hê dat werkgewers hulle werkers en diere opgebruik in die werk nie. Daarom beveel Hy sewe weke en drie dae verpligte verlof per jaar – dit is hoeveel twee en vyftig sabbatdae is.

Wie van ons sal die verlov wat ons werkgewers ons aanbied sommer so van die hand wys? Ons doen dit nie. Ons gryp die geleentheid om verlov te neem met albei hande aan. Nou hoekom wil ons dan die een dag verpligte verlov elke week van die hand wys. Is ons sterker as wat die Here dink ons is? Kan ons langer uithou as wat Hy gereken het? Of is dit eerder 'n kwessie van ons vertrou Hom nie en ons wil nie graag gemeenskap met Hom 'n hele dag lank hê nie?

In die wêreld waarin ons lewe het werkolisme epidemiese afmetings aangeneem. Mense is besorg oor wat hulle gaan eet en wat hulle gaan drink en wat hulle gaan aantrek. En aanhoudend is daar na hulle mening nie genoeg nie. En moenie eers praat van aftrede nie. Koerante en tydskrifte het kort-kort daardie bangmaakstories van hoeveel mense op hulle oudag krepeer. Geliefdes, om een dag se inkomste te verloor is 'n duur prys om te betaal. Elkeen wat sy eie besigheid het, weet dit alte goed. En as ons ooit sou gedink het dat die Here nie weet dat ons vier dae en soms vyf dae se inkomste gaan prysgee wanneer ons Hom gehoorsaam nie, dink ons maar baie klein van die almagtige en alwetende God.

Hy weet presies wat op die aarde aan die gang is. Hy weet van alles in my en jou lewe. En wanneer Hy ons oproep tot een dag verpligte verlov per week, is Hy besig om ons te leer hoe geloof en gehoorsaamheid hande vat. Om gehoorsaam te wees aan hierdie bevel van die Here beteken dat ek en jy die geloofsvertroue sal hê dat die Here ook sal voorsien waaraan ons behoefte het. Dit is tog die belofte wat ons Here Jesus aan ons maak.

Soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word. (Matteus 6:33 AFR53)

Sal Hy wat sover gegaan het om sy lewe vir ons op te offer, sal Hy wat die hele ent pad geloop het om in my en in jou plek deur sy Vader verlaat te word, ons bedrieg as Hy so 'n belofte maak? Nee, dit is nie hoe ons Here Jesus is nie. Hy is self die waarheid. Hy bedrieg ons nie. Hy roep ons om op sy Vader te vertrou.

En wat ons afsondering van die dag van die Here betref – ons anders deurbring van die Sondag as ander dae – kom vra die Heilige Gees vir my en vir jou en vir elkeen van ons persoonlik: Hou ons die dag van die Here heilig of hou ons die oggend van die Here heilig? Of hou ons maar net die uur van die Here heilig? Is dit die Here se dag vir ons, en as dit die Here se dag is, wat doen ons op hierdie dag? Praat ons as gesinne met mekaar oor die Here en sy werke? Staan ons 'n deel van die dag af om ons kinders te katekiseer, nie hier by die kerkgebou nie maar daar by die huis? Begin ons net die dag van die Here saam met die kinders van die Here, maar ons verlang nie na die gemeenskap met hulle by die aanddiens nie? Verlustig ons onself regtig in die Here en in sy werke wat Hy in en met en vir ons doen? Of het dit vir ons vanselfsprekend geword? Geliefdes, die dag van die Here verkeer onder die aanslag – nog nie van die wêreld of deur ons regering nie – maar van Christene. Mag die Here asseblief nie sy dag van ons wegneem omdat ons dit nie wil heilig soos wat Hy ons beveel nie.

Die Here sonder een dag vir ons af en Hy noem dit sý dag. 'n Dag waarop Hy ons by sy voete wil hê sodat ons sy stem kan hoor. Op hierdie dag wil Hy dat ons sy werke oordink. En hoe bevoorreg is ons nie. Ons het die hele Ou-Testamentiese geskiedenis van die Here se werke. Ons het al twee duisend jaar van die Nuwe-Testamentiese geskiedenis van die Here se werke in Jesus Christus. Ons het die Woord van die Here. Hy gee vir ons die sakramente. Hy gee vir ons gebed. Hy doen alles sodat dit vir ons moontlik is om gemeenskap met Hom te hê omdat Hy met ons gemeenskap wil hê. Hy het ons na Hom toe gebring.

Nou bly daar vir ons nog net oor om te hoor wat die Here se beweegrede met hierdie gebod is.

Want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die HERE die sabbatdag geseën en dit geheilig. (Eksodus 20;11 AFR53)

Die Here sê hierdie woorde nie vir ons omdat ons sou vergeet het wie die hemel en die aarde gemaak het nie. Die woord *want* is die leidraad hier. Onthou, toe ons met hierdie reeks preke begin het, is daar opgemerk dat die Here met elke gebod 'n aspek van sy karakter aan ons bekend maak. Die Here sê dat Hy self ses dae geskep het en op die sewende dag het Hy gerus en die dag geheilig. Ons as kinders van die enigste lewende God boots ons hemelse Vader na. Ons staak ons daaglikse werk om gemeenskap met Hom te hê; sodoende heilig ons die dag soos Hy ons beveel.

Hier is drie laaste sake wat ons in die Here se beweegrede vir hierdie gebod opmerk. Die sabbatdag is nie die eerste keer by Sinai ingestel nie. Van die heel eerste week van die skepping se bestaan af was daar 'n rusdag. Dus geld hierdie dag vir alles en almal wat asemhaal. In die tweede plek is die rusdag deur die Here ingestel nie net sodat ons van ons werk moet rus nie. Ons staak ons normale werk om Hom te aanbid in eredienste, om werke van genade te doen en die noodsaaklike werk in sy Naam te verrig.

En in die derde plek, die dag van die Here as rusdag was nooit net vir Israel alleen bedoel nie. Die Here sê spesifiek dat ook die vreemdeling nie op hierdie dag moet werk nie. Israel moes met hulle rusdag getuig van die genade en grootheid van die Here teenoor die volke rondom hulle. Ons as Christene getuig met ons rusdag op die Sondag dat die werklike rus waaraan alle mense behoefte het net in Jesus Christus te vinde is. Ons stel ons vertrouwe in Hom nie net vir hierdie lewe nie, maar ook vir die lewe hierna.

Laat ons die dag van die Here aangryp met albei ons hande. Die Here het hierdie dag vir ons gemaak sodat ons onself sonder kommer en 'n gejaag in Hom en in sy werke kan verlustig. So rus die Heilige Gees ons toe om deel te neem aan die Here se werke van genade wat Hy in hierdie wêreld nog gaan doen.

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 17-1:1, 6 (17:1, 6)

- 1 Wees nie besorgd nie oor jul lewe, / oor wat die harte neerwaarts trek:
"Wat sal ons eet, waar vind ons laafnis? / Wie skaf die kleed wat ons moet dek?"
Is lewe^{en} liggaam dan nie meer nie / as alles wat net kommer wek?
- 6 Soek eers die koninkryk der heemle / en Gods geregtigheid; dan laat
Hy seën druppel uit die hemel – / vir elke dag die dag se maat.
Want elke dag dra self die sorge / vir elke dag se nuwe kwaad.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
3 November 2013

ⁱ Motyer, A. 2005. The message of Exodus. Inter-Varsity Press: Leicester.